



NORTH-WEST UNIVERSITY<sup>®</sup>  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
INSTITUSIONELE KANTOOR

## Beleid oor werknemers met gestremdhede

<b>Verwysingsnommer</b>	3P/3.15
<b>Aanspreeklike uitvoerende bestuurder</b>	Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal
<b>Eienaar van die beleid</b>	Direkteur: Mensekapitaalontwikkeling
<b>Afdeling verantwoordelik</b>	Mensekapitaalontwikkeling
<b>Status</b>	Goedgekeur
<b>Goedgekeur deur</b>	Raad
<b>Datum van goedkeuring</b>	Eerste keer goedgekeur op 23 November 2007 en na hersiening weer goedgekeur op 20 September 2013
<b>Wysigings</b>	Generies
<b>Datum van wysigings</b>	2013
<b>Hersieningsdatum</b>	2015
<b>Webadres van hierdie beleid</b>	<a href="http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels">http://www.nwu.ac.za/af/content/beleide-en-reels</a>
<b>Adres op die beleiddatabasis</b>	RMA SHARE r:\2. management\2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\policy documents\3p-3.15-disability_a.docx



## Beleid oor werknemers met gestremdhede

### 1 Aanhef

As 'n voortreflike universiteit in Afrika wat kennis en innovering nastreef, met 'n unieke institusionele kultuur wat gegrond is op die waardes wat die Universiteit onderskryf, het die Noordwes-Universiteit op 20 September 2013 hierdie beleid oor werknemers met gestremdhede aanvaar.

### 2 Doelwitte

Om te verseker dat die Universiteit 'n bemagtigende omgewing skep sodat al sy werknemers hulle pligte kan uitvoer en aan enige ander aktiwiteit van die Universiteit kan deelneem, ongeag enige fisieke gestremdheid, en wel deur middel van die volgende:

- 2.1 Die verskaffing aan die bestuur van 'n duidelik-uiteengesette normatiewe raamwerk waarbinne die integrasie en bevordering van mense met gestremdhede verstaan en bestuur kan word.
- 2.2 Die versekering dat die NWU erken dat waar dit oor mense met gestremdhede gaan, daar met baie persoonlike en sensitiewe kwessies omgegaan word. Alhoewel die NWU nie op mense se lewens inbreuk wil maak nie, word 'n poging aangewend om 'n beter begrip van gestremdhede te kry en toepaslik te beplan.
- 2.3 Die vestiging van die fundamentele beginsel dat mense met gestremdhede billik behandel en redelik geakkommodeer moet word.

### 3 Toepassingsgebied

Alle permanente en vastetermyn-personeel van die Noordwes-Universiteit. Vir tydelike personeel sal die beginsels van hierdie beleid toegepas word in ooreenstemming met die aard en termyn van die aanstelling.

### 4 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die NWU om te verseker dat daar teen geen werknemer op grond van sy/haar gestremdheid gediskrimineer sal word nie, en om altyd te poog om binne die raamwerk van die toepaslike wetgewing aan al sy werknemers met gestremdhede 'n bemagtigende omgewing te verskaf deur die volgende te doen:

- 4.1 Daar sal nie teen mense met gestremdhede gediskrimineer word tydens die keuse van poste nie, hulle sal nie uitsluitlik op grond van gestremdheid ontslaan, van normale pligte verwyder of geïsoleer word nie.
- 4.2 Die NWU sal poog om te verseker dat enige benadeling of viktimisering van 'n persoon met 'n gestremdheid of onbillike diskriminasie op grond van 'n gestremdheid deur middel van die toepaslike prosedure hanteer word. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot:
  - 4.2.1 Werwingsprosedures, insluitend adverterings- en keuringskriteria;
  - 4.2.2 Aanstellings en die aanstellingsproses;
  - 4.2.3 Posklassifisering en/of -gradering;
  - 4.2.4 Vergoeding, diensvoordele, en bepalinge en voorwaardes van indiensneming;

- 4.2.5 Postoekennings;
- 4.2.6 Werksomgewing en geriewe;
- 4.2.7 Opleiding en ontwikkeling;
- 4.2.8 Prestasie-evalueringstelsels, bevordering, verplasing en demovering.

## **5 Implementering**

- 5.1 Die Raad (deur die Mensekapitaal en Gelyke Indiensnemingskomitee) is verantwoordelik vir die daarstelling en monitering van die implementering van 'n beleid oor gestremdheid.
- 5.2 Institusionele Bestuur is verantwoordelik vir die implementering van hierdie beleid in terme van die nodige prosesse, stelsels en prosedures.
- 5.3 Lynbestuurders is verantwoordelik vir die nakoming van die beleid, asook die proses en prosedures.
- 5.4 Die Mensekapitaal: Bedryf is verantwoordelik vir die administrasieproses en die voorsiening van bestuursinligting.

Oorspronklike gegewens: Zaan Strydom (10225676) SHARE 3P-3.15-disability\_a.doc  
26 September 2013

Verwysingsnommer: 3P-3.15